# Hoofstuk van die dag: Numeri 28-29

> *Dit is dan die brandoffers, die graanoffers, die drankoffers en die maaltydoffers wat julle in julle feestye vir die Here moet bring, julle gelofteoffers en vrywillige offers. (vers 29:39)*

Die voorgeskrewe offers van Israel het die feit baie deeglik beklemtoon dat die hele lewe 'n gawe uit God se hand is – elke dag, elke week, elke maand, elke jaar. Die offers by die jaarlikse feeste het hulle herinner dat God op talle maniere in hulle behoeftes voorsien – met die uittog (paasfees) en tydens die woestynverblyf (huttefees). Dan was daar die oesfees (fees van die weke), die nuwejaarsfees en die groot versoendag – alles vaste instellings om hulle lewe en afhanklikheid van God se voorsiening te beklemtoon en te vier.
Ons aanbidding lyk vandag heeltemal anders, hoofsaaklik omdat Jesus se groot offer op Golgota alle offers van die ou verbond vervang het (Heb 10:1-18). Dit beteken nie dat ons geen offer meer hoef te bring nie. Daaraan herinner die Hebreërskrywer ons dadelik in Heb 10:19-25. Ons offers bestaan uit ons aanbidding, ons gereelde samekomste, en ons uitreik na ander deur liefde en goeie dade. Ons bely immers, net soos die gelowiges van die ou verbond, dat ons hele lewe 'n gawe uit God se hand is.


## Onlangse Bydraes

- Hagar
- Joh 1:14 en 16 Die Woord het mens geword
- Lot se dogters
- Psalm 103 Die Here is vol liefde en ontferming
- Lot

## Argief

Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026